higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... help jou om versadig te voel sodat jy minder geneig is om te veel te eet.
.

A Vette
B Vesel
C Suiker
D Kraakbeskuitjies

1.2 Stowwe wat energie en hitte aan die liggaam verskaf:

A Proteïne
B Vitamiene
C Koolhidrate
D Minerale

1.3 ... help om tande sterk te hou.

A Fluoried
B Yster
C Koper
D Magnesium

1.4 ... help met die produsering van rooibloedselle.

A Yster
B Kalsium
C Fosfer
D Kalium

1.5 ... word as die boustene van die liggaam beskou.

A Vitamiene
B Proteïne
C Vette
D Minerale

1.6 Die gemiddelde menslike liggaam bestaan uit ... water.

A 50%–60%
B 80%–85%
C 30%–40%
D 25%–30%

Kopiereg voorbehou

1.7 ... help om sterk bene te bou.

A Magnesium
B Kalsium
C Selenium
D Jodium

1.8 ... help om bloeddruk te reguleer.

A Fluoried
B Fosfer
C Kalium
D Magnesium

1.1.9 ... is 'n goeie bron van magnesium.

A Spinasie
B Sjokolade
C Vis
D Kaas

1.10 ... is 'n goeie bron van vitamine D.

A Vrugte
B Neute
C Sonskyn
D Vars lug

1.11 Brandwonde wat opgedoen word nadat daar aan 'n warm voorwerp geraak is, word ... genoem.

A vloeistofbrandwonde
B brandwonde weens hittekontak
C elektriese brandwonde
D chemiese brandwonde

1.12 Brandwonde wat opgedoen word nadat daar met sure in aanraking gekom is, word … genoem.

A chemiese brandwonde
B brandwonde weens ontploffings
C bestralingsbrandwonde
D vlambrandwonde

1.13 'n Opsetlike optrede om iemand te beseer, word ... genoem.

A 'n ongeluk
B aanranding
C harsingskudding
D chirurgie

Kopiereg voorbehou

1.14 'n Harde hou teen of skok aan die kop veroorsaak hierdie toestand wat geheueverlies tot gevolg kan hê:

A Kneusplekke
B Verstikking
C Skok
D Harsingskudding

1.15 Wanneer jy met bloed gekonfronteer word, dink ...

A V.K.O.
B 'R.E.D.'
C L.M.I.
D A.D.V.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Suid-Afrika het geen probleem daarmee dat kinders aan die hoof van 'n huis staan nie.

2.2 Armoede kan die voorsiening van behoorlike kindersorg bemoeilik.

2.3 Die Wet op Kindersorg beskryf die regsvereistes vir versorgers ('caregivers').

2.4 Lyfstraf vir klein kinders is toelaatbaar totdat hulle met graad R begin.

2.5 Effektiewe administratiewe prosedures is nie van groot belang in 'n kindersorgfasiliteit nie.

2.6 Brandoefeninge is belangrik in 'n kindersorgfasiliteit.

2.7 Liefde ontstaan onmiddellik tussen 'n stiefkind en 'n stiefouer.

2.8 Wanneer 'n persoon meer as een vrou of man het, word dit monogamie genoem.

2.9 Kultuur en godsdiens speel geen rol in kinderontwikkeling nie.

2.10 'n Kleuterskool is nie 'n opvoedkundige fasiliteit nie.

2.11 Een van die tekens van anemie (bloedarmoede) is 'n gebrek aan konsentrasie.

2.12 Ragitis ('rickets') word deur 'n gebrek aan vitamien C veroorsaak.

2.13 Geswelde tandvleise is 'n teken van skeurbuik.

2.14 Etiket is reëls oor goeie en slegte gedrag.

2.15 Gebreksiektes word deur bepaalde oortollige voedingstowwe in die liggaam veroorsaak.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Gee EEN woord of term vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

versmoring; versorger; maatskaplike werker; etiek; verrekte spier; broodwinner; pleegsorggesin; verwurging; identiteitsdokument; verstikking; kultuur; ingeperkte passasier; burokrasie; stiefgesin; wetgewing; gemeenskap

3.1 Die amptelike inligting van 'n persoon

3.2 Amptelike reëls en prosesse wat onnodig lyk en vertragings veroorsaak

3.3 Morele oortuigings en beginsels wat jou optredes en besluite rig

3.4 Wanneer 'n groep mense soortgelyke oortuigings en waardes deel

3.5 Iemand wat ander gereeld versorg

3.6 'n Gesin waarin die ouers nie die biologiese ouers is nie maar regtens die kinders versorg

3.7 Iemand wat die hoofinkomste in 'n gesin verdien

3.8 'n Gesin waarin albei ouers kinders uit vorige verhoudings het

3.9 Om nie te kan asemhaal nie en aan 'n gebrek aan suurstof te kan sterf

3.10 'n Passasier wat 'n veiligheidsgordel dra

3.11 Wat gebeur as 'n spier te veel gestrek word

3.12 Wanneer 'n obstruksie in die keel veroorsaak dat iemand nie kan asemhaal nie

3.13 Wanneer die lugvloei weens eksterne druk beperk word

3.14 Wette wat uitgevaardig word om bepaalde kwessies te beheers

3.15 'n Opgeleide professionele persoon wat met gesinne werk en ondersteuningsdienste hanteer

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (4.1–4.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	'n Infeksie van die longe	A	dermatitis
4.2	'n Siekte wat kan versprei wanneer daar in noue kontak met 'n ander persoon gekom word	B	wanvoeding
4.3	Die stelsel in die liggaam wat stowwe produseer om die liggaam teen infeksies te help veg	C	virussiekte
4.4	Iets wat 'n allergiese reaksie by bepaalde mense kan veroorsaak	D	kroep
4.5	'n Siekte wat deur 'n virus veroorsaak word	E	longontsteking (pneumonie)
4.6	'n Keelinfeksie wat die stemkas en die larinks besmet	F	immuunstelsel
4.7	'n Algemene ooginfeksie wat as 'pienk oë' bekendstaan	G	aansteeklik
4.8	Swak gesondheid omdat die regte kos nie ingeneem word nie	H	allergeen
4.9	Om nie genoeg kos of voedingstowwe te hê vir goeie gesondheid en normale groei nie	I	ondervoed
4.10	Vel-inflammasie	J	konjunktivitis
4.11	'n Tegniek wat 'n persoon kan help wat ophou asemhaal het	K	hardlywigheid
4.12	Wanneer jy met 'n mediese noodgeval te doen kry, moet jy hieraan dink	L	tetanus
4.13	'n Noodhulpposisie waarin 'n beseerde persoon neergeplaas behoort te word	M	haartangetjie
4.14	Die basiese mediese prosedure wat gevolg moet word wanneer iemand beseer word	N	herstelposisie
4.15	'n Instrument wat gebruik word om dorings uit die vel te haal	O	HLR ('CPR')
		P	noodhulp
		Q	'ABC'

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL VIR AFDELING A 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Noem DRIE verskillende domeine (areas) in 'n kind se ontwikkeling. (3)

5.1.2 Verduidelik kortliks hoe elke domein wat in VRAAG 5.1.1 geïdentifiseer is, negatief geraak kan word en sodoende met die kind se welstand kan inmeng. (3 × 2) (6)

5.2 Gesinne is nie die enigste versorgers in 'n kind se lewe nie.

Noem VYF ander soorte versorgers van kinders. (5)

5.3 Definieer die term *etiek*. (2)

5.4 Kinders moet die beste sorg moontlik ontvang ten einde te groei en hul volle potensiaal te kan bereik.

Verduidelik hoe 'n versorger in 'n kind se basiese behoeftes kan voorsien. (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 6

Etlike gemeenskappe in Suid-Afrika kom steeds voor geringe of geen infrastruktuur en onbetroubare vervoer te staan. Swak paaie maak dit moeilik om by klinieke en skole uit te kom. Dit is ook moeilik vir gemeenskappe om warm en veilige skoolgeboue te voorsien.

6.1 Identifiseer VIER faktore uit die scenario hier bo wat kinders se versorging en welstand kan kompliseer. (4)

6.2 Noem VYF vereistes anneer jy 'n kindersorgfasiliteit vir jou kind kies. (5)

6.3 Noem enige VYF oorsake van voedingsprobleme by kinders. (5)

6.4 Noem DRIE soorte finansiële ondersteuningsdienste wat deur SASSA (Suid-Afrikaanse Maatskaplike Dienste) gelewer word. (3)

6.5 Definieer die term *diversiteit*. (3)

[20]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik wat met die term *kinderverwaarlosing* bedoel word. (2 × 2) (4)

7.2 Lees die volgende scenario's en identifiseer die verskillende spesiale behoeftes van die kinders. Gee redes vir jou antwoord met 'n voorbeeld uit die scenario.

7.2.1 Ella kom uit 'n huis vol spanning aangesien haar ouers gedurigdeur baklei. Sy kruip elke keer weg wanneer die onderwyser haar te hard roep. (2 × 1) (2)

7.2.2 Kuhle is in graad R en hy raak gou verveeld in die klas. Hy maak altyd sy werk eerste klaar. (2 × 1) (2)

7.3 Noem VIER voordele verbonde aan die immunisering van kinders. (4)

7.4 Noem VIER simptome van kwasjiorkor. (4)

7.5 Noem enige VIER velprobleme by kinders. (4)

[20]

VRAAG 8

Hoe sou jy die volgende buitespeelplekke veilig hou vir klein kinders? Gee TWEE idees vir elke plek.

8.1 8.1.1 Swaaie

8.1.2 Glyplanke

8.1.3 Sandgate

8.1.4 Wipplanke

8.1.5 Klouterrame

(5 × 2) (10)

8.2 Lees die volgende scenario's en identifiseer die moontlike gevare wat op elke kind wag:

8.2.1 Imaan is sewe maande oud en het begin kruip. Die gesin bly in 'n dubbelverdiepinghuis met 'n stel trappe. Daar is geen veiligheidshekke by die trappe nie.

8.2.2 Thabo se ma sit hom dikwels op die kombuiskas naby aan die wasbak en die venster neer wanneer sy in die kombuis doenig is.

Kopiereg voorbehou

8.2.3 Sarah is twee jaar oud en is 'n uiters woelige kleuter. Sy hou daarvan om kaste oop te maak, veral dié in die kombuis. Party van die kaste bevat skottelgoedseep en bleikmiddels.

8.2.4 Pravin se mamma hou daarvan om hom saam met haar na die winkel te laat ry. Hy sit nooit op die agtersitplek nie, maar staan altyd agter haar sitplek en weier om met 'n sitplekgordel vasgemaak te word. (4 × 2) (8)

8.3 Waarvoor staan die term *MIV*? (2)
[20]

VRAAG 9

9.1 Bespreek die verskil tussen die dienste wat deur die Departement van Maatskaplike Dienste en die Departement van Onderwys aan vroeëkinderontwikkelingsentrums gebied word. (4 × 2) (8)

9.2 Gee VIER stappe wat jy in 'n noodgeval moet volg. (4)

9.3 Gee VIER idees oor hoe jy, as vroeëkinderontwikkelingspraktisyn, voorsiening moet maak vir kinders uit verskillende kultuurgroepe in jou fasiliteit. (4 × 2) (8)
[20]

VRAAG 10

10.1 Mev Khumalo is die ma van drie klein kinders en sy is die enigste broodwinner van haar gesin. Sy kan dit bekostig om slegs in die mees basiese behoeftes van haar gesin te voorsien. Dit is vir haar moeilik om voedende kos aan haar kinders te voorsien. Sy kan nie eens behoorlike gesondheidsorg vir haar kinders bekostig nie. Hulle bly in 'n gebied waarin daar geen basiese dienste soos lopende water en sanitasie bestaan nie.

10.1.1 Identifiseer DRIE areas in die scenario waarin mev Khumalo se kinders benadeel word. (3 × 2) (6)

10.1.2 Hoe kan die regering mev Khumalo bystaan betreffende gesondheidsorg vir haar kinders? (2)

10.2 Higiënegebruike is van kardinale belang.

Watter VIER idees sou jy aan dagsorgfasiliteite voorlê om die verspreiding van siektes te voorkom? (4 × 2) (8)

10.3 Noem enige VIER inentings wat noodsaaklik is om kinders se immuunstelsel te versterk. (4)
[20]

VRAAG 11

11.1 Bestudeer die volgende illustrasies en identifiseer die verskillende kindersiektes:

11.1.1



11.1.2



11.1.3



11.1.4



(4 × 2) (8)

11.2 Verduidelik hoe kultuur 'n kind se dieetgewoontes kan beïnvloed. (4 × 1) (4)

11.3

Kirsty is 'n sesjarige dogtertjie. Albei haar ouers werk en sy bly smiddae by haar ouma. Sy hou van lekkergoed en bruiskoeldrank en neem dikwels net dit skool toe. Sy weier om toebroodjies by die skool te eet en is ook vol fiemies tydens aandetes. Omdat haar ouers moeg is, koop hulle dikwels eenvoudig gemorskos wat sy dan as aandete nuttig.

Gee VIER idees of oplossings aan Kirsty se ouers om haar ongesonde eetgewoontes, wat in die scenario hier bo uitgebeeld word, te verbeter.(4 × 2) (8)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING B 140
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou